

DIE TOEKOMS VAN MOEDERTAALONDERRIG*

Deur me Christine Botha: Regsbeampte, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Is dit realisties in Suid-Afrika se multikulturele samelewing om te verwag om moedertaalonderrig te ontvang aan 'n onderwysinstelling van die staat? Indien daar slegs gefokus word op artikel 29(2) van die Grondwet, moet die antwoord bepaal word volgens enige feitlike konteks. Artikel 29(2) van die Grondwet (artikel 29(2)-reg) is ingestel om die balansering van regte te verseker, deur te waarborg dat elkeen die reg het op onderrig in die taal van hul keuse aan 'n openbare onderwysinstelling, mits dit “redelik doenbaar” is. Die Staat is voorts verplig om alle redelike opvoedkundige alternatiewe te oorweeg om aan hierdie reg uitvoering te gee, met die in agneming van die faktore van “billikheid, doenbaarheid en die behoefte daaraan om die gevolge van die diskriminerende wette en praktyke in die verlede reg te stel”.

Gevolglik bestaan daar 'n balanseertoets wat op die Grondwet gegrond is, waarteen enige taalversoek getoets kan word. Maar hoe toets mens artikel 29(2) in die konteks waar 'n ideologiese faktor soos 'n “verbintenis tot transformasie” - wat moeilik is om te toets - 'n oorheersende rol speel? 'n Goeie voorbeeld is die beslissing deur die Appèlhof in *University of the Free State v Afriforum and Another* (Appèlhof-beslissing). Die Appèlhof-beslissing bevraagteken die toekoms van artikel 29(2) en of moedertaalonderrig aan openbare onderwysinstellings, soos baie kenners van mening is, sal neerkom op politieke armdruk.

Die Appèlhof-beslissing het die Universiteit van die Vrystaat (UV) se besluit om die Afrikaans-Engels-taalbeleid te vervang met Engels as die hooftaal van onderrig (UV-besluit) gehandhaaf. Dit het gevolg nadat die Vrystaatse Hoë Hof die UV-beslissing tersyde gestel het as 'n onwettige administratiewe stap kragtens die *Wet op die Bevordering van Administratiewe Gregtigheid* van 2000 (PAJA). Die Hoë Hof het bevind dat die UV-beslissing om Afrikaans af te skaf nie alle tersaaklike oorwegings in ag geneem het nie, soos die Afrikaanse studente se artikel 29(2)-reg en die Minister van Hoër Onderwys se Taalbeleid (Hoër Onderwysbeleid).

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte sal die Appèlhof se beslissing bestudeer in 'n reeks artikels, en oorweging skenk aan die bevindings van die Appèlhof oor belangrike kwessies en die feit dat die Konstitusionele Hof genader is om teen die beslissing te appelleer. Hierdie artikel sal kortliks die regs konteks waarin die UV se taalstryd ontvou het uiteensit, asook die hoof omstrede punte waarvoor regsekerheid van die Konstitusionele Hof verkry moet word.

Die Grondwet erken al 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale en artikel 6 stipuleer spesifiek die Staat se verpligting om die status van inheemse tale op te hef. Die Minister van Hoër Onderwys het ook die Hoër Onderwysbeleid aanvaar kragtens die *Wet op Hoër Onderwys* van 1997 (die Wet). Dit beklemtoon ook voorts die behoud van Afrikaans as medium van akademiese uitdrukking. Alle hoër onderwysinstellings moes hul eie taalbeleid ontwikkel, onderhewig aan die Hoër Onderwysbeleid.

In 2003 het die UV, in ooreenstemming met die Hoër Onderwysbeleid, 'n dubbelmedium-taalbeleid aanvaar, wat ook die ontwikkeling van Sesotho bevorder het. Die inwerkingstelling van die dubbelmedium-taalbeleid lei egter volgens die UV tot rass spanning, aangesien veranderinge in die studentedemografie tot kleiner Afrikaanse klasse gelei het. Dit het die indruk geskep dat Afrikaanse studente beter onderrig ontvang het. Gevolglik is die enkelmedium-beleid in 2016 aanvaar ten einde transformasie en die grondwetlike plig van integrasie te verseker. Vreemd genoeg het sekere fakulteite, soos Teologie en Onderwys, egter blykbaar nie nodig om te transformeer nie, en sal die dubbelmedium-beleid voortsit, gegewe die nismark aanvraag van Afrikaanse gegradueerdes.

Die Hoë Hof het die UV-beslissing as “administratiewe optrede” genader, hersienbaar kragtens die streng raamwerk van PAJA. Dus kan die Hoë Hof die gewig wat toegeken is aan die oorwegings wat deur die UV in ag geneem is toe die besluit geneem is om van Afrikaans afstand te doen, bevraagteken. Dit was die eerste belangrike verskil tussen die Hoë Hof en die Appèlhof. Die Appèlhof het bevind dat die UV-besluit uitvoerend van aard is, wat beleidformulering behels, wat met 'n wyer diskresionêre mag geassosieer word. Die Appèlhof kon dus slegs inmeng indien die UV nie sy mag rasioneel uitgeoefen het nie en aangesien die UV-besluit die gevolg van prosedureel regverdigde proses was, was daar geen grondslag om in te meng nie.

Tweedens het die Hoë Hof, met meer ondersoekende magte kragtens PAJA, die twee taalbeleide vergelyk in lig van Afrikaanse studente se artikel 29(2)-reg. Die Hoë Hof het eers oorweeg of dit redelik doenbaar is om aan hierdie reg uitvoering te gee. Die “redelikheid”-aspek hou verband met 'n vraag oor die praktiese uitvoerbaarheid van die inwerkingstelling van 'n taalbeleid, gegewe hulpbronne en, byvoorbeeld, die beskikbaarheid van fasiliteite in die spesifieke feitlike scenario. Aangesien daar geen hulpbronbeperkings was nie, was dit redelik uitvoerbaar om met Afrikaans voort te gaan, volgens die Hoë Hof. Toe het die Hoë Hof alle redelike opvoedkundige alternatiewe ondersoek, gegewe die lys van kriteria van billikheid, praktiese uitvoerbaarheid en historiese regstelling. Wat hierdie analise betref het die Hoë Hof bevind dat die dubbelmedium-taalbeleid - wat nie net redelik uitvoerbaar is nie - ook in wese beter uitvoering gee aan hierdie lys van kriteria. Die Appèlhof, aan die ander kant, het nie artikel 29(2) genader as twee onderskeie dele nie, en het 'n normatiewe benadering gevolg ten opsigte van wat redelik is ingevolge die kwalifiserende eienskap van “redelikheid”. Dit het aangevoer dat dit prakties mag wees om die dubbelmedium-taalbeleid in te stel, maar dat dit nie “redelik” mag wees nie, aangesien dit grondwetlike norme soos “billikheid” en “desegregasie” oortree. Dit kan egter aangevoer word dat die Appèlhof se benadering 'n verkeerde interpretasie is.

Laastens het die Hoë Hof bevind dat die UV verplig was om aan die Hoër Onderwysbeleid te voldoen op grond van die verskeie artikels van die Wet, terwyl die Appèlhof bevind het dat die outonomie van universiteite en nie-voorskryftaal van die Hoër Onderwysbeleid geen verpligting aandui nie. Hierdie spesifieke bevinding van die Appèlhof bevraagteken nie net die status van die Minister se Hoër Onderwysbeleid nie, maar ook die toekomstige toepasbaarheid van die Minister se beleide.



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

Hierdie diverse interpretasies van die Appèlhof vereis regsekerheid van die Konstitusionele Hof. Baie Suid-Afrikaners mag apaties voel oor die taalstryd en mag dit beskou as 'n stryd om die behoud van Afrikaans, maar weens die onderontwikkeling van inheemse tale, is Afrikaans die enigste ander taal wat op hierdie stadium met Engels kan meeding. Dit oorskadu die werklike bedreiging vir die toekoms van 'n gewaarborgde grondwetlike reg om onderrig te ontvang in jou moedertaal, wat grootliks sal afhang van die Konstitusionele Hof se benadering.

***Die eerste artikel in 'n reeks van vier dele oor die reg om onderrig te ontvang in die amptelike taal of tale van keuse in openbare onderwysinstellings.**